Nuusbrief

4 JANUARIE 2022 | #1 | HELPMEKAAR KOLLEGE

ONS IS GEREED VIR DIE NUWE JAAR

8 JANUARIE, SATERDAG:

08:00-10:30: Alle Graad 8's + sibbes

10:30-11:45: Empire (Gr.9 - 12)

11:45-13:00 : Melle (Gr.9 - 12

13:00-14:15: Smuts (Gr.9 - 12)

BELANGRIKE REËLINGS:

Slegs 1 ouer mag saam met leerder aanmeld by **die saal** vir administratiewe doeleindes. Ons versoek u vriendelik om hierna by u kar te gaan wag vir u kind.

Daar sal kaartfasiliteite beskikbaar wees indien daar dalk 'n finansiële *hick up* is.

Indien 'n leerder, om welke rede ook al, nie Saterdag sy/haar handboeke kan kom haal nie, **mag hulle met 'n maat reël** om dit te kry - dit sal so aangeteken word op die dag.

Koshuisleerders (gr. 8 + 12) wat ver bly, sal geleentheid kry om hulle handboeke op Sondag, 9 Jan om 16:00 by juf. RV se kantoor, by haar woonstel, te ontvang.

Koshuisleerders (gr. 9, 10, 11) wat ver bly, sal geleentheid kry om hulle handboeke op Dinsdag, 11 Jan om 16:00 by juf. RV se kantoor, by haar woonstel, te ontvang.

FOTOBESTELLINGS

Enige navrae in verband met fotobestellings van 2021 kan aan *rozelle.visser@helpmekaar.co.za* gestuur word.

KLEREBANKTYE

5 - 7 Januarie:
09:00 - 15:00

U kan met 'n kaart of kontant betaal

DATUMS EN TYE VAN BELANG:

---

10 JANUARIE, MAANDAG OM 07:30
GR.8-VERWELKOMING: OUERS IS WELKOM OM DIT BY TE WOON

---

12 JANUARIE, WOENSDAG 07:30
SKOOL BEGIN VIR GR. 9, 10 EN 11

BUSSE VERTREK OM 14:15

---

13 JANUARIE, DONDERDAG
BUSSE VERTREK OM 15:15

---

14 JANUARIE, VRYDAG:
INTERHUIS SWEM OM 07:30
BUSSE VERTREK +/- 12:30 (GR. 9-12)
OUERVERGADERING (GR.8) OM 17:30
GROENTJIEKONSERT: 2 VERTONINGS
GR.8-INHULDIGING

---

18 JANUARIE, DINSDAG:
OUERAAND GR. 12 OM 18:00

Let asb op verandering van datums en tye

---

19 JANUARIE, WOENSDAG:
OUERAAND GR. 9 OM 17:30
OUERAAND GR. 10 + 11 OM 19:00 - AANLYN

HOE MOET MY KIND LYK WANNEER DIE SKOOL WEER BEGIN

ALGEMENE VOORKOMS

- Daar word van leerders verwag om geklee te wees in die amptelike skooluniform en te alle tye netjies,stylvol en ordentlik te wees. Dra van pette en “bashers” is verpligtend.
- Geen byvoegings tot die skooluniform wat nie deel is van die voorgeskrewe drag, is toelaatbaar nie.
- Geen sigbare tatoeëermerke is toelaatbaar nie.
- Ouers se samewerking in die verband word versoek. Dit is u plig as ouer om toe te sien dat u kind die reëls gehoorsaam.

SEUNS

Skooldrag_

• Skoolbaadjie (Bruin of Erekleure)
• Skooldas (winter en somer)
• Wit hemp • Taupe Bermuda-skoolbroek (somer)
• Taupe lang skoolbroek (winter)
• Bruin leergordel (GEEN handelsmerke nie)
• Taupe lang skoolkouse (somer en winter)
• Taupe skooltrui (opsioneel)
• Bruin toerygskoolskoene / Bruin toerygvelskoene / Geen vreemde kleur sole sal toegelaat word nie. Dit bly die skool en sy bestuur se diskresie om ‘n leerder te vra om sy skoene te vervang indien dit buite die skooldrag reëls is.
• Skoolpette • Bruin skool-“hoody” (temp. < 15°)
• Bruin amptelike skoolserp (winter)

Hare en algemene voorkoms

• Hare moet kort en netjies wees en pas by die akademiese milieu.
• Geen uitspattige haarstyle of vreemde kleure word toegelaat nie.
• Hare mag nie die ore of wenkbroue raak nie.
• Moet altyd netjies geskeer wees -geen wangbaarde of vreemde modes word toegelaat nie.
• Geen juwele of armbande word toegelaat nie.



NB: Ouers mag gevra word om hul kind te kom haal indien enige van die voorkomsreëls oortree word.



DOGTERS
Skooldrag

• Skoolbaadjie (Bruin of Erekleure)
• Skooldas (winter)
• Wit kortmouhemp (somer)
• Wit langmouhemp (winter)
• Taupe skoolrok (MOET minstens 8cm langer as baadjie wees)
• Geen langbroek meer in die winter nie
• Donkerbruin sykouse (saam met rok in winter)
• Wit skoolsokkies (somer)
• Taupe skooltrui (opsioneel)
• Bruin skoolskoene / Geen veldskoene.
• Skool-*basher* met skoollint
• Bruin skool-*hoody* (temp. < 15°)
• Bruin amptelike skoolserp (winter) 6 Hare en algemene voorkoms
• Kraaglengte hare moet vasgemaak word.
• Haarstyle moet by skooldrag pas.
• Funksionele haarbenodighede moet in skakerings van room/bruin wees.
• Naels moet altyd kort en kleurloos wees.
• Geen juwele word toegelaat nie.
• Slegs gewone klein oorringetjies (“sleepers”) of “studs” in silwer of goud word toegelaat. Slegs een oorbel per oor.
• *Bashers* moet netjies wees, horisontaal en met trots gedra word.